

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 46: Ekev – Omdat

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12 – PWL¹

Torah: Deut. 7:12 tot 11:25

Haftorah: Jes. 49:14 to 51:3

Nuwe Verbond: Matt. 6:33; Rom. 10:1 tot 3; 2 Kor. 5:21; 1 Thess. 4:1 en 2; Heb. 4:1 tot 7; Joh. 14:15, 21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5; 1 Joh. 5:3; Luk. 9:1; 10:19; Joh. 10:10; Rom. 8:31 tot 39; 1 Joh. 4:4; Rom. 2:28 en 29.

Vorige notas vir Parashah 46 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

Live near to God, and so all things will appear to you little in comparison with eternal realities. – Robert Murray M'Cheyne.

If you want the Kingdom speeded, go out and speed it yourselves – William Carey.

The wise man enjoys life and sees the beauty and wisdom of the Creator at work even in times of trial and tribulation. The foolish man despairs of life and finds just as many reasons to complain in the midst of blessing and prosperity as he does in times of adversity – Bill Bullock.

When the root is bitterness, imagine what the fruit might be – Woodrow Kroll.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Look back and thank Him. Look around and serve Him. Look ahead and trust Him. Look up and expect Him. Yeshua is coming back, rather sooner than later! – Jan Markell.

Torah Bespreking

Hersiening

Verlede week was die fokus ondermeer op die sleutelteks in die vyfde, en laaste, boek van Mosheh, naamlik Deut. 6:4.

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.

Die naam *Yisra'el* is saamgestel uit twee woorde, naamlik *Yisra'* = Hy sal heers en *El* = Magtige God. Daarom kan ons Deut. 6:4 ook soos volg skryf:

Luister, oor wie Hy heers as Magtige God (*Yisra'el*), Yahuah is ons God, Yahuah is Een.

Deut, 6:4 kan beskou word as *Yisra'el* van ouds se “geloofsbelydenis”, asook dié van elkeen wat onder die nuwe verbond deur vertrouwe in Yeshua as dié Gesalfde van God deel is van ware *Yisra'el*!

Die woord *egad* beteken een in terme van getalle, maar ook enigste, naamlik daar is niemand soos Hy nie!!

Daarom is Deut. 6:4 die intree-opdrag tot enige ander opdrag wat God gee. As יהוה (Sy Karakter en Outoriteit) nie erken word vir wie Hy is nie, dan sal mense Hom nie gehoorsaam nie!

In hierdie week se Torahskriflesing is Mosheh steeds besig om aan die volk ‘n oorsig te gee van alles wat met hulle, en veral met hul ouers wat in die wildernis gesterf het, gedurende die veertig jaar swerftog gebeur het. Hy is besig met sy afskeidswoorde aan ‘n volk wat hy tot die einde getrou gedien het. Sy woorde is beide waarskuwend en bemoedigend!

Daarom lees ons teen die einde van verlede week se Torahskriflesing dat Mosheh sê:

6 want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God; יהוה, jou God, het jou vanuit al die volke wat op die aarde is, gekies om 'n volk vir Sy eie besit te wees.

7 יהוה het nie Sy liefde op julle gesit of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die minste van al die volke,

8 maar omdat יהוה julle lief het en die eed gehou het wat Hy tot julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgelei en julle bevry uit die huis van slawerny, uit die hand van Farao, die koning van Mitzrayim. Deut. 7:6-8.

יהוה het *Yisra'el* op grond van liefde gekies en hulle van die slawejuk van Mitzrayim bevry op grond van die verbondsbloofte aan Avraham (Genesis 15), en soos dit bevestig was aan Yitz'gak en Ya'akov. Daarom het Mosheh aan *Yisra'el* gesê (Deut. 7:9-11):

9 Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam,

10 maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal.

11 Jy moet daarom die opdragte, die reëls en die wette wat ek jou vandag beveel, doen.

Mosheh herinner Yisra'el daaraan dat יהוה 'n God van liefde en oordeel is – van onverdiende guns en van onpartydige opregtheid. Aan elkeen wat יהוה liefhet deur Sy opdragte te gehoorsaam, bewys Hy voortdurende onverdiende guns, maar Hy sal sonder versuim die wat ongehoorsaam is, naamlik Sy haters, straf!

Die verhouding tussen יהוה en Yisra'el is dus 'n liefdesverhouding en liefde is nie afdwingbaar nie, maar is 'n vrywillige daad. יהוה het as Vader (Bruidegom) sy kinders (bruid) lief en die kinders (bruid) het hulle Vader (Bruidegom) lief. Die fondament van beide die ou en die nuwe verbond is dus onverdiende guns en liefde!! Liefde vir יהוה en jou naaste is soos die gordynreeling waaraan twee gordyne hang, naamlik die wet (die Torah) en die profete. Sonder liefde – die gordynreeling – val die 'gordyne' op die grond en dien geen doel nie (Matt. 22:37-40).

37 Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip.

38 Dit is die eerste en grootste opdrag

39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself.

40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.”

Geloof is daarom 'n liefdesvertroue in יהוה-God en liefdesgetrouheid aan Sy Torah om dit te hoor (*sh'ma*), te bewaar (*sh'mar*) en dit te doen (*asah*)!

Daarom begin hierdie Torahskriflesing met die woorde:

Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het Deut. 7:12.

Bepeins of bespreek

1. Die drie-eenheid-lering is eers in die vierde eeu deur die Rooms Katolieke Kerk as leerstelling ingestel. Die volgende aanhaling is uit die “Handbook for Today's Catholic”, p11: “The mystery of the Trinity is the central doctrine of the Catholic Faith. Upon it are based all the other teachings of the Church. The Church studied this mystery with great care, and after four centuries of clarification, decided to state the doctrine in this way: in the unity of the Godhead there are three Persons, the Father, the Son and the Holy Spirit.”

1.1. Hierdie mensgeformuleerde misleiding word slaafs deur die Christendom nagevolg!

1.2. Het jy jouself al uit die Skrifte oortuig van die waarheid? Is daar enige bewys van die drie-eenheid in die Torah van Mosheh?

Op Die Hakskene!!

Die naam van hierdie parashah is *ekev* (עקב) wat vertaal word as *omdat* (*because*). *Ekev* beteken ook hakskeen in die sin van dit wat volg op die hakskene van 'n persoon, of dit wat volg op (die resultaat is van) 'n bepaalde handeling (aksie). In Deut. 7:12 word *ekev* dus gebruik om dit wat op die hakskeen volg van die wat aan Torahgehoorsaam is uit te beeld. Dit wat op die hakskene van 'n Torahgehoorsame Yisra'el volg, of wat die resultaat van Torahgehoorsaamheid is, is volgens die belofte in Deut. 7:13-15, naamlik:

13 en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig; Hy sal ook die vrug van jou baarmoeder en die vrug van jou land seën, jou graan, jou nuwe wyn en jou olie, die

aanteel van jou beeste en die vermeerdering van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders gesweer het om vir jou te gee.

14 Jy sal meer geseënd wees as al die volke; daar sal tussen jou geen man of vrou steriel of onvrugbaar wees nie; nie onder jou of onder jou vee nie.

15 יהוה sal elke siekte van jou af wegvat en jou nie aantas met enige van al die skadelike siektes van Mitzrayim wat jy geken het nie, maar sal dit laat kom op almal wat jou haat.

יהוה sal diegene wat Hom liefhet deur gehoorsaamheid aan Sy Torah soos dit in Yeshua tot volheid gebring is, agtervolg om aan hulle goed te doen – Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: *dat Ek nie sal wegdraai daarvan om aan hulle goed te doen nie...*(Jer. 32:40). Dawid het ook verklaar dat goedheid en guns hom sal volg wanneer hy as Torahgehoorsame kind in sy Vader se huis woon (Psalm 23). Diegene wat Torahgehoorsam is, sal die resultaat daarvan sien en die goeie vrug daarvan geniet!

Ekev word ook in Deut. 8:20 gebruik:

soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie.

Net soos die seëninge op die hakskeene van diegene volg wat Torahgehoorsam is, so sal יהוה se oordeel (vloeke) ook op die hakskeene volg van die wat **nie** יהוה se Torah gehoorsam nie. Daarom het Mosheh vir die volk gesê:

Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing. Deut. 8:19.

Hierdie is bevestiging dat יהוה 'n God van liefde en onverdiende guns is, maar ook 'n God wat elkeen wat moedswillig Sy Torah verag, sal straf!

Diegene wat Torahgehoorsam lewe sal egter ook deur Satan in die hakskeen gebyt wil word (Gen. 3:15). Soos hy Adam en Eva mislei het om Torah ongehoorsam op te tree, so slaag Satan steeds vandag om mense te oortuig om יהוה se Torah te verwerp! Dit is hulle wat in die hakskeen gebyt word en met slanggif van ongehoorsaamheid deurtrek word wat uiteindelik tot geestelike dood lei. Elkeen wat in Yeshua vertrou as gekruisigde en opgestane Gesalfde van God en wat Torahgehoorsam lewe, sal die slang – die teëstander – weerstaan sodat hy weg sal vlug!! Daarom gee Ya'acov vir ons die “wenresep” vir 'n lewe van oorfloed in Yeshua (Joh. 10:10) toe hy geskryf het (Jak. 4:7-10):

7 Wees dan gehoorsam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug.

8 Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af!

9 Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid.

10 Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle ophig.

Bepeins of Bespreek

1. 'n Torahgehoorsame lewe moet voetspore laat wat ons kinders kan volg. Hulle moet ook op ons hakskeene volg omrede ons as ouers 'n getuienis van liefde vir יהוה is en van gehoorsaamheid aan Sy Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond vir ons beskryf word. Wat is die voetspore wat ons nalaat – in ons gesin, vriendekring en gemeenskap? Kan hulle ons Torahgehoorsame voetspore sien of is ons gedurig besig om

ons voetspore uit te vee vir ingeval hulle die pad sien wat ons loop en dalk verwerp en vervolg word? Is jy bang om openlik te erken dat jy glo in Yeshua as dié Gesalfde Een EN daarom Torahgehoorsaam lewe?

יהוה Se Onpartydige Opregtheid

Mosheh het Yisra'el gewaarsku om nie te dink dat hulle eie onpartydige opregtheid tot hulle suksesvolle in besitneming van die land sal bydra nie.

4Nadat יהוה, jou God, hulle voor jou uitgedryf het, moet dan nie in jou gedagtes sê: 'יהוה het my ter wille van my onpartydige opregtheid ingebring om hierdie land te besit nie,' maar dit is weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה hulle voor jou onteien.

5Nie ter wille van jou onpartydige opregtheid of die opregtheid van jou wil, emosie en verstand kom jy in om hulle land te besit nie, maar weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה, jou God, hulle voor jou uit verdryf om sodoende die eed te vervul wat יהוה tot jou vaders, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov, gesweer het. Deut. 9:4-5.

Yisra'el sou Kena'an nie in besit neem omrede hulle dit verdien nie, maar, eerstens, omrede die volke wat daar bly יהוה en Sy Torah verwerp het en daarom word Yisra'el gebruik om hulle te straf. Tweedens sou יהוה op dié wyse Sy belofte aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov vervul.

Eie onpartydige opregtheid is om te glo dat op grond van goeie bedoelings en verdienste sal יהוה Sy onverdiende guns bewys deur ons gebede te verhoor. Maar onthou: Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!

Daarom is Mosheh se waarskuwing ook op ons van toepassing!! Ons moet versigtig wees om nie ons eie onpartydige opregtheid op te rig nie!

Dit is 'n herinnering dat יהוה se onpartydige opregtheid (*tzedakah*) beteken om aan God se standaard en vereiste te voldoen en vereis vertroue en gehoorsaamheid. Ons voorbeeld is Abraham: Deur vertroue is hy regverdig verklaar (Gen. 15:6) en deur gehoorsaamheid aan Torah is hy geseën (Gen. 26:4 en 5). Die Apostel Ya'akov som dit soos volg op:

21 Is Avraham, ons vader, nie vanuit sy dade onskuldig verklaar toe hy Yitz'gak, sy seun, op die altaar gesit het nie?

22 Sien jy dat sy vertroue sy dade bevestig het en dat sy vertroue volmaak geword het deur dade?

23 Die Skrif is vervul wat sê: "Avraham het God vertrou en dit is hom tot onpartydige opregtheid gereken en hy is 'n vriend van God genoem."

24 Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dade en nie alleen deur die 'geloof' nie? Jak. 2:21-24.

Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid soek (Matt. 6:33) sodat ons dit ken en dit doen. Die mens wat nie aan יהוה se standaard en vereiste van onpartydige opregtheid voldoen nie, sal sy eie standaard en vereiste opstel en glo dat dit voldoende is om יהוה se Koninkryk in besit te neem en geseën te word. Sulke mense ken nie יהוה se onpartydige opregtheid nie, hoewel hulle ywer vir God kan hê (Rom. 10:2 en 3).

Ons word ook daaraan herinner dat ons nie die Koninkryk in besit neem op grond van ons eie onpartydige opregtheid of verdienste nie, maar omdat יהוה die wat Yeshua verwerp en nie volgens die Torah van die nuwe verbond lewe nie, voor ons sal uitdryf!

Bepeins of Bespreek

1. Die motief vir Torahgehoorsaamheid moet niks anders as uit liefde vir יהוה wees nie, en dit moet nie uit vrees of om selfsugtige redes wees nie. Ware liefde verwag niks terug nie, maar is bereid om alles te gee. Is dit hoekom ons gehoorsaam is, of is ons gehoorsaam omrede ons die Vader se seëninge deelagtig wil wees of omrede ons vrees dat ons gestraf sal word? Oordeel jou gesindheid vir Torahgehoorsaamheid aan die hand van onderstaande waarheid:

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet.

Haftorah Bespreking (Jes. 49:14-51:3)

Het יהוה Yisra'el Verstoet?

Volgens Judaïsme is hierdie die tweede week van die sewe weke na *Tisha B'Av* waar die Haftorah woorde van vertroosting in afwagting en voorbereiding van die koms van dié Gesalfde Een bevat. Uiteraard is hulle verblind vir die feit dat Yeshua, dié Gesalfde Een, reeds gekom het!

In die tyd van Jesaja was Yisra'el se gemoedstoestand een van “יהוה het my in die steek gelaat en יהוה het my vergeet (Jes. 49:14)!” Dit was weens die jarelange Babiloniese ballingskap. יהוה antwoord egter met woorde van vertroosting, bemoediging en belofte:

15 “Kan ’n vrou haar suigeling vergeet en nie omgee vir die seun van haar baarmoeder nie? Selfs hulle kan vergeet, maar Ék sal jou nie vergeet nie!

16 Let op, Ek het jou op My handpalms graveer; jou mure is gedurig voor My.

17 Jou bouers maak gou; jou vernietigers en verwoesters sal van jou af weggaan.

18 Lig jou oë op en kyk rondom; hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef,” verklaar יהוה, “jy sal hulle sekerlik almal aansit soos juwele en hulle ombind soos ’n bruid,

19 want jou puinhope en verlate plekke en jou verwoeste land sal sekerlik nou te klein wees vir die inwoners en die wat jou verslind het, is ver weg! Jes. 49:15-19

יהוה se Raadsplan van herstel het met Yisra'el begin en sal met Yisra'el eindig! יהוה is nie ’n mens dat Hy van gedagte sal verander nie. Daarom het יהוה nie vir Yisra'el verstoet nie, soos wat Sha'ul dit in Rom. 11:1 bevestig! Maar wat wel verander het, was dat die meerderheid van Yisra'el met Yeshua se eerste koms Hom as dié Geslufde Een verwerp het en sodoende ook vir יהוה.

Dit wat Yisra'el gesoek het, het hulle nie verkry nie, behalwe die gekoses. Die ander was verblind (Rom. 11:7-8)

7 Hoekom het Yisra'el, behalwe die gekoses, dan nie dít gevind waarna hulle gesoek het nie, maar die ander is verblind in hulle verstand, wil en emosie?

8 Net soos geskryf is: “God het hulle ’n hardkoppige gees gegee, oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie, tot vandag toe.”

En dit is daardie takke wat van die mak olyfboom afgebreek was en die takke van die wilde olyfboom – van die ander nasies – wat daarop ingeënt is.

Dit is dus slegs die samestelling van Yisra'el wat verander het, soos Sha'ul dit in Gal. 3:28-29 verduidelik:

28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met dié Gesalfde Een, Yeshua.

29 As julle aan dié Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Yisra'el is steeds יהוה se volk! Daarom is dit belangrik om te verstaan dat die nuwe verbond met die twee huise van Yisra'el, naamlik van Juda en Efraim gesluit was en met elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde van God is. Die nie-Jood – die van ander nasie – word deur vertroue in Yeshua ook deel van Yisra'el. Deur vertroue ontvang ons burgerskap van Yisra'el (Efes. 2:12 en 19). Die hele Yisra'el bestaan uit Jood en nie-Jood wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, en wat gevorm is tot een nuwe mens (Efes. 2:15) wat volgens die Torah van יהוה leef soos dit in die nuwe verbond tot volheid gebring was.

Talle Christenleiers verkondig egter dat die kerk die Yisra'el van die nuwe verbond is. Hierdie vervangingsteologie het veroorsaak dat verskillende maniere bedink word om die Christendom in Yisra'el se plek te stel – óf as fisiese afstammeling van die sogenaamde 'tien verlore stamme', óf as die geestelike verteenwoordigers van al twaalf die stamme. Beide hierdie sieninge is nie Skriftuurlik nie.

Dit het ook aanleiding tot die Brits-Israelisme beweging (Israelvisie) gegee, wat op antisemitisme en rassehaat gegrond is. God is egter nie 'n aannemer van die persoon nie (Hand. 10:34-35).

34 Shim'on het sy mond oopgemaak en gesê: “In waarheid verstaan ek dat God geen aannemer van die persoon is nie,

35 maar dat in elke nasie dié een wat Hom vrees en onpartydig opreg is, aanvaarbaar is vir Hom.

Dit is dus duidelik dat יהוה se plan van herstel met Yisra'el begin het en met Yisra'el sal eindig. In Romeine hoofstuk 11 bevestig Sha'ul dan ook dat יהוה nie Yisra'el verstoot het nie en dat daar oorblyfsel was wat getrou gebly het. Dit is by hulle wat die gelowiges uit die ander nasies aangesluit het! Alles יהוה se onverdiende guns!

1 Sê ek dat God Sy volk weggestoot het? 'n Verwerplike gedagte, want ek is ook vanuit Yisra'el, van die nageslag van Avraham, van die stam van Binyamin.

2 God het Sy volk wat Hy van die begin af geken het, nie weggestoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Eliyahu sê toe hy by God oor Yisra'el gekla het nie?

3 “My Meester, hulle het U profete vermoor en U altare omgegooi; ek het alleen oorgebly en hulle soek my lewe!”

4 Dit is vir hom deur openbaring gesê: ”Let op, Ek het vir Myself sewe duisend manne uitgehou wat nie die knie voor Ba'al gebuig en hom aanbid het nie.”

5 Dit is ook dieselfde in die teenwoordige tyd: daar is 'n oorblyfsel gekies uit onverdiende guns,

6 maar as dit uit onverdiende guns is, dan is dit nie vanuit dae nie, anders is onverdiende guns geen onverdiende guns nie, maar as dit uit dae is, dan is dit nie meer onverdiende guns nie, anders is dae geen dae meer nie. Rom. 11:1-6.

Bepeins of bespreek

1. Die volgende lering, “Who is Israel” van Tom Stapleton kan aanbeveel word en is beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=-ltDJNXUOCs>. Hierdie is ‘n baie belangrike vraag wat elkeen duidelikheid oor sal moet kry, veral om nie mislei te word nie in die einde van dae.
2. Die vraag wat elkeen moet vra is: *As ek nie deel van Yisra’el is nie; deel van wie is ek dan, want die nuwe Yerushalayim se toegangspoorte is volgens die name van die twaalf stamme van Yisra’el (Open. 21:12)!*

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.